Kolossense 1:15-20

Terugvoer/getuienis van die Algemene Sinode van 2011 te Boksburg:
Die afgelope week het ek nagedink oor die afgelope Algemene Sinode se byeenkoms in Boksburg. Weens die beperkte tyd, en die omvang van die sinode, is dit onmoontlik om reg te laat geskied aan alles wat daar gebeur het en besluit is. Daarom wil ek hier net 'n getuienis lewer van dit wat ek by die sinodesitting ervaar het en hoe dit die pad vir ons as kerk en gemeente op die pad vorente raak. (Vir meer volledige inligting kan u of Die Kerkbode lees wat spesiaal aan die sinodesitting gewy is, of na die NG Kerk se webblad gaan vir die volledige besluite; of kyk na die kort samevatting wat vandag vir u beskikbaar gestel word)
So hier is my ervaring van die Sinode te Boksburg:

1. Dit was 'n geweldige voorreg om saam met meer as 400 afgevaardigdes van oral in Suid-Afrika, sowel as uit Namibië, Zimbabwe, Zambië, Mosambiek, Malawi e, Botswana, Swaziland, New Zeeland, en Australië, hongarye, VSA, en Switseland. Min mense besef dit, maar ons is deel van 'n wêreldwye Gereformeerde familie watuit meer as 82 miljoen gelowiges bestaan. Natuurlik was daar ook besoekers van ander kerke, soos die Rooms Katolieke kerk, Pinkster kerke, Anglikaanse kerk, ens. Dit was onmoontlik om nie oorweldig te word deur die **sterk bande van ons Gereformeerde familie** en die onderlinge liefde en begrip en samewerking om ons roeping in die wêreld te vervul. Ek moes wag tot ek 51 word om iets te ervaar daarvan dat ons deel is van 'n groot en ruim huisgesin met baie kinders. Ek moes dink aan Openbaring wat ons herinner dat God vir Hom uit alle volkere 'n uitverkore volk, ja 'n huisgesin, bymekaar gemaak het!

2. Maar belangriker as die honderde afgevaardigdes wat gekom het, was die **diep bewussyn dat die Here en Sy Gees gekom het om ons te ontmoet**. Tydens die openingseremonie het die honderde afgevaardigdes letterlik voor die Here gekniel en biddend hulleself verootmoedig voor die Here wat alleen die Hoof van sy kerk is. (Lees asb Kolossense 1 vers 15-20.) Soos die dae verbygeggan het het die besef gegroei: die Gees van die Here is aan die werk in Boksburg. Hierdie Gees het mense gevul, hulle saamgesnoer as heilige priesterdom met profetiese, versoenende stem tot eer van die Hoof van kerk. Die Here self het was ons genadig en het ons kom besoek.

3. Die derde saak wat my sal bybly was die **bereidwilligheid van die sinode om te buig voor die Koning van die kerk en om gehoorsaam na Hom te luiste**r. Daar was moeilike sake op die agenda en mens het gevrees dat die sake mense sou verdeel en sou uitloop op binnegevegte en liefdelose debatte. (onthou ek was al by heelwat sinodes en kerkvergaderings!) Maar waar die Here teenwoordig is en lei, hoef ons nie bang te wees nie. Van die begin af was daar die tekens dat hierdie sinode God wou eer gee en Hom gehoorsaam wees. Die onderlinge liefde en bereidwilligheid om geduldig na mekaar te luister en toe te laat dat die Gees ons vreesloos lei, het my en die ander afgevaardigdes verstom. Weet net: dit was in baie opsigte 'n grensverskuiwende sinode waarin die kerk meer gehoorsaam aan God as aan mense was.

4. **Die manier hoe besluite geneem is**, sal my bybly. Alle sake is hanteer deur 4 dinge te doen: a. Eers is daar lank na die Skrif gekyk en saam gesoek na wat God se Woord oor die spesifieke saak sê. b. Dan is daar gekyk na die konteks. Hoe lyk die wêreld waarin ons leef en wat leer ons van ander dissiplines en mense. c. In die derde plek is daar dan ruim geleentheid gegee vir gesprek (debatte) oor die spesifiek saak op die tafel (soms tot 4 uur lank). In die debatte het die waardes van die kerk sterk gefunksioneer: leerbaarheid, openheid, deernis en vertroue. d. Daarna is saam gebid en geworstel: wat vra die Koning van die kerk nou van ons ten opsigte van die toekoms. Eers na die proses van onderskeiding en saam soek na God se wil voltooi is, is besluite geneem. (Gereeld het Hand 15:28a by my opgekom: 'Die Heilige Gees en ons het besluit …' Die wonder was dat die sinodegangers met liefde na mekaar geluister het en die hele tyd onthou het dat ons met Christus se liefdesbande aan mekaar gebind is. Al verskil ons, hou ons mekaar vas omdat die Here van ons vra om 'n ruim huis te wees waarin mense (al verskil hulle van mekaar) tuis sal voel en saam werk om God se koninkryk te laat kom.

5. Die belangrikste indruk was die **beleidsdokument** wat die sinode aanvaar hetvir die NG Kerk se pad vorentoe. Dit spel uit dat ons in die toekoms 'n **missionale kerk** wil wees. 'n Kerk wat nie meer vir haarself wil leef nie, maar vir die wêreld. 'n Kerk wat erns wil maak met die feit dat Jesus sê: soos die Vader my gestuur het, so stuur Ek julle. Ons wil 'n gestuurde kerk wees wat fyn luister na waarheen die Here ons stuur en saam met die Gees planne beraam om uitdrukking te gee aan ons gestuurdheid. Ons wil diensbaar wees en met passie meewerk aan die koms van God se koninkryk in die wêreld.

6. Laastens, het ek bewus geword dat die Here **ongelooflike mense aan die NG kerk gegee het.** Ons het leierspotensiaal en gawes wat min ander kerke het. In prof Nelus Niemandt het ons 'n nederige, maar buitengewone knap leier. Ons is geseën met mense wat die Here baie lief het en juis nou na vore tree om vir Christus 'n verskil te maak in ons land. Dit was veral die sterk teenwoordigheid en entoesiastiese deelname van baie jongmense wat my sal bybly. Hulle is aangevuur deur die Gees om nie terug te diens vir ons land se probleme nie. Hulle het my hoop gegee vir die toekoms.

Ek kom terug bewus dat die Here Jesus die hoof van die kerk is.(Kolossense 1) Ons is in Sy hande. Dis 'n wonderlike plek om te wees. Mag God ons seën. Mag Hy die NG Kerk seen. Mag Hy Afrika seën. Dankie.